



# Soldate vir Christus

NG Gemeente  
Rietfontein-Suid

Die Wapenrusting van God  
Efesiërs 6:10-20



Ons Gee Om

## Les 3 - Die Skoene van Bereidheid (om die boodskap van vrede te vertel)

### Elke week

Begin met 'n gebed waarin jy God eer dat Hy ons beskerm en vra om elkeen van jou kinders en ook dié wat hulle van God moet leer, parate soldate te maak en volledig sal toerus met Sy Wapenrusting.

### Maak dit pret!

Gebruik die flitskaarte met die prente van verskillende skoensorte en die vrae. Gee elke kind 'n beurt om die dobbelsteentjie te gooi en die vraag met dieselfde nommer te beantwoord.

### Inleiding

Gesels nou met jou kinders oor wat hulle tydens die speletjie agtergekom of geleer het.

- Daar is verskillende skoene vir verskillende redes
- 'n Paar skoene werk die beste as dit gebruik word vir dit waarvoor dit oorspronklik bedoel is
- Almal se skoene pas nie vir almal nie. Jou skoene moet vir jou voete pas!

Net soos ons skoene dra om ons voete te beskerm en ons skoene omruil as ons 'n ander taak wil doen (kerk toe gaan teenoor in die tuin werk byvoorbeeld), net so sorg God dat ons skoene reg is vir die werk wat Hy wil hê ons moet doen. Daardie werk is dat ons bereid moet wees om ander van Jesus te vertel en God se groot liefde vir ons elkeen en dat Hy vrede tussen mense wil sien.

### Storie

Hierdie keer gesels ons oor 'n baie bekende storie wat juis gaan oor 'n man wat deur God gestuur is om Sy boodskap aan 'n klomp mense te gaan vertel. Kom ons kyk wat het gebeur...

Op 'n dag gee God vir Jona die opdrag om Sy boodskap aan die mense van Nineve te gaan oordra. Maar Jona het niks van die mense van Nineve gehou nie - eintlik was hy bang vir hulle, want hulle was deel van die Assiriese volk wat op daardie stadium baie magtig was.

Kan julle onthou wat Jona toe gedoen het?

Hy het gaan wegkruip op 'n skip wat heeltemal in 'n ander rigting sou gaan! Net asof 'n mens vir God kan wegkruip. O nee, God sien mos alles en ken ons elkeen van binne en buite. En God het gewet Jona hou nie van die mense van

Dele van God se  
Wapenrusting

Gordel van  
Waarheid

Borsharnas of  
Borsplaat -  
Vryspraak van God

Skoene van  
Bereidheid om die  
evangelie van vrede  
te verkondig (Bereid  
wees om te vertel)

Skild van Geloof

Helm van  
Verlossing

Swaard van die Gees  
van God - die Woord  
van God

*Alles vir God se goedkeuring en glimlag!*



# Soldate vir Christus

NG Gemeente  
Rietfontein-Suid

Die Wapenrusting van God  
Efesiërs 6:10-20

*...vervolg van vorige bladsy...*

Nineve nie, maar Hy wou juis hê dat hulle Sy boodskap moes hoor. So groot was Sy genade dat Hy ook daardie mense Sy kinders wou maak.

Hy het Jona toegelaat om weg te kruip, maar laat toe 'n storm opkom wat amper die skip laat vergaan het. So het die kaptein geweet dat daar iets verkeerd was en op die ou end het Jona erken dat dit sy skuld was omdat hy nie aan God gehoorsaam was nie. Julle ken die res van die storie... Hy is oorboord gegooi, die vis het hom ingesluk en op die land uitgespoeg.

Uiteindelik het hy gedoen wat God gevra het en met die mense van Nineve gaan praat. Hulle was verskriklik jammer oor alle verkeerde goed wat hulle gedoen het en het tot bekering gekom.

Ja, God vergewe altyd as ons regtig jammer is oor ons sonde. Partykeer het ons 'n Jona nodig om ons aan God se genade te herinner en partykeer moet ons self 'n Jona wees om ander mense van God te vertel! En God het ons nog altyd lief al is ons partykeer ongehoorsaam! Hy hou nooit op om ons te roep om Hom te dien nie

## **Die Skoene van Bereidheid/Bereidwilligheid om God se vredesboodskap uit te dra / te verkondig / te vertel**

Satan wil keer dat mense van God se liefde leer en in vrede op aarde bly. Daarom plaas hy gedagtes van vrees of twyfel in ons harte, sodat ons nie goed genoeg voel om God se boodskap aan ander te vertel nie.

God gee jou skoene van bereidheid vir jou en sal sorg dat jy die regte woorde het as jy Sy vredesboodskap oordra.

Trek dus jou gordel van waarheid, jou borsharnas van vryspraak en jou skoene van bereidheid aan en gaan gesels met almal oor Jesus!. Vertel jou maatjies dat God elkeen van ons liefhet en al ons sondes vergewe as ons jammer is en dit van Hom vra. En dat ons vir ewig en ewig saam met Hom in die hemel gaan wees!

Begin sommer by die huis en die skool en vertel al wil niemand luister nie of al is jy benoud dat hulle gaan dink jy is simpel. God dink nooit ons is simpel nie, want Hy het ons gemaak en Hy maak mos nie foute nie!

## **Praktiese toepassing**

### **Vir die Kleuters tot Graad 4**

Gee vir elke kind 'n papierpop en laat hulle die pop inkleur of versier. Elke week trek hulle die pop dan aan met die spesifieke deel van die wapenrusting wat behandel is

### **Graad 5 tot 7**

Speel **Swaard in die Skede** en verduidelik dat 'n soldaat nie sy wapen kan gebruik as hy nog nooit daarmee gewerk het nie.

*Alles vir God se goedkeuring en glimlag!*



Ons Gee Om

Webadres:

<http://www.rietfontein-suid.ng.org.za/>

## **Swaard in die Skede**

- Almal hou hul Bybels (swaarde) toe bokant hul koppe ("Swaard in die skede")
- Jy noem 'n versie wat hulle moet opsoek, maar hulle mag nie begin voordat jy die teken gee nie. Noem die versie twee keer stadig en moenie dit weer herhaal nie.
- Teken: "Swaarde uit!"
- Die een wat dit eerste kry, mag die versie lees terwyl al die ander luister
- Voordat hy/sy lees, help al die ander om ook die versie te kry

**Sluit af met gebed - gefokus op die week se tema**